

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 41: *Pinchas* – Pingas

יהיה het met Moshe gepraat en gesê: “Pingas, die seun van El’azar, die seun van Aharon, die priester, het My wraak van die kinders van Yisra’el af weggedraai, deurdat hy met My jaloesie onder hulle jaloers was sodat Ek nie die kinders van Yisra’el verteer het in My jaloesie nie. Num. 25:10 en 11 – PWL¹

Torah : Num. 25:10 tot 30:1

Haftorah: 1 Kon. 18:46 tot 19:21.

Nuwe Verbond: 2 Kor. 11:2; 2 Pet. 2:12 tot 22; Matth. 5:5 en Open. 5:10; Gal. 3:28; 1 Tim. 3:2 tot 7; 5:22; Rom. 12:1

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 41 wat afgelaai kan word by: [Parashah41Notas14](#) en [Parashah41Notas15](#) en [Parashah41Notas16](#).

In modern day evangelism, this precious doctrine [of regeneration] has been reduced to nothing more than a human decision to raise one's hand, walk an aisle, or pray a 'sinner's prayer.' As a result, the majority of Americans believe that they've been 'born again' even though their thoughts, words, and deeds are a continual contradiction to the nature and will of God – Paul Washer.

The church must seek to be biblical rather than relevant. We are not going to leave a mark upon our culture because we have studied its ways and adapted ourselves to it. We are

¹Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

relevant when we reject the world outright and are its polar opposite! This present darkness provides a great opportunity for the church to be the salt of the earth, but if we mix with the very impurities we are supposed to expose... we are as useless as our culture already believes us to be – Paul Washer.

Midrash (Torah Bespreking)

Hersiening

In ons Torahstudie van verlede week het ons ondermeer geleer van 'n koning (Balak), van 'n profeet (Bileam) en van 'n donkie wat kan praat. Bileam is ons voorbeeld van 'n vals profeet wat sy eie belange bo dié van YHVH-God gestel het. Hierdie was ook 'n vorm van rebellie teen God, want toe Bileam nie sy sin kon kry om Israel te vervloek nie soos wat Balak hom gevra het, het hy aan Balak die raad gegee dat die dogters van Moab met die seuns van Israel moet meng en hulle na hulle afgodsfeeste nooi (Open. 2:14). Daarom beteken Bileam *die vernietiger van mense*, want hy was die oorsaak dat Israel met afgodery besoedel geraak het!

Indien ons Bileam meet aan die definisie van 'n ware profeet volgens die Skrifte, dan is hy 'n vals profeet! 'n Ware profeet word deur YHVH aangestel en is daarom YHVH se afgevaardigde met 'n profetiese woord aan God se volk. 'n Ware profeet bring die boodskap wat in YHVH se hart is sonder om dit te bevraagteken of om, soos Bileam voorkeur aan sy eie begeertes te wil gee! En dan die mees belangrike is dat 'n ware profeet tree nooit in eie belang op nie!!

In hierdie week se Torahstudie leer ons van die ywer en jaloesie van Pingas wat vir ons 'n sinnebeeld is van die ywer en jaloesie wat ons elkeen ook behoort te hê, want dit is die ywer vir YHVH ons Vader-God en vir Sy geregtigheid.

Ons vorige Torahskriflesing het dan ook geëindig waar Israel by Sittim betrokke geraak het in hoerery en afgodery deur met die dogters van die Moabiete te vermeng. Israel was dus skuldig aan sinkretisme, naamlik die vermenging van YHVH se Torah – die instruksies hoe om in die regte verhouding met YHVH te lewe – met afgodery. Hierdie is 'n gruwel in God se oë wat optrede van oordeel en straf regverdig. Daarom lees ons:

6Let op, een van die manne van Yisra'el het gekom en 'n vrou van Midyan tussen sy volksgenote inbring, voor die oë van Moshe en voor die oë van die hele vergadering van die seuns van Yisra'el terwyl hulle huil voor die ingang van die Tent van Ontmoeting. 7Toe Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, die priester, dit sien, het hy uit die vergadering uit opgestaan en 'n spies in sy hand gevat, 8agter die man van Yisra'el aan in die tent ingegaan en hulle altwee deurboor, die man van Yisra'el en die vrou, deur die liggaam. So is die plaag onder die seuns van Yisra'el gestop. 9Die wat in die plaag gesterf het, was vier en twintig duisend (24,000). Num. 25:6 tot 9.

Pingas het met YHVH se jaloesie onder Israel opgetree.

Die Jaloesie Van Pingas

Daarom begin hierdie week se Torahstudie met YHVH wat met Moses praat oor wat Pingas gedoen het:

10 יהרה *het met Moshe gepraat en gesê: 11* “Pingas, die seun van El’azar, die seun van Aharon, die priester, het My wraak van die seuns van Yisra’el af weggedraai, deurdat hy met My jaloesie onder hulle jaloers was sodat Ek nie die seuns van Yisra’el verteer het in My jaloesie nie. Num. 25:10 en 11.

Die Hebreus vir *jaloesie* in vers 11 is *kinah* (קנא) en beteken *vurig, geesdriftig en ywerig*. Dit kan ook beskryf word as *aktiewe entoesiasme* en as *geregverdigde verontwaardiging!* Pingas het dus vurig en met geregverdigde verontwaardiging opgetree toe hy beide Simri, die owerste van ‘n familie van die Simeoniete, wat openlik onsedelik met Kosbi, ‘n Medianitiese prinses gehandel het, met ‘n spies deurboor het! Pingas was deur die Gees gedryf om YHVH se verontwaardiging te demonstreer – ‘n verontwaardiging wat as Goddelike jaloesie beskryf kan word.

Wanneer YHWH Homself as jaloers beskryf, dan is dit presies hoe Hy oor Sy volk Israel, aan wie Hy Homself deur ‘n Verbond verbind het, voel. Onthou hoe YHVH daar by Sinai in Sy ‘liefdesverklaring’ vir Israel gesê het:

Julle het gesien wat Ek aan die Mitzrayiete gedoen het en hoe Ek julle op arendsvlerke gedra en na My toe gebring het; daarom, as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle ‘n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne. Julle sal vir My ‘n koninkryk van priesters en ‘n afgesonderde nasie wees. Ex. 19:4 tot 6.

Hierdie ‘verlowingsaanbod’ en voorwaardes het Israel eenparig aanvaar toe hulle gesê het: Alles wat YHVH gespreek het sal ons doen (Ex. 19:8). Presies soos wat ‘n man jaloers is op sy vrou wat rond flankeer, so voel YHVH oor Israel – geregverdigde verontwaardiging!

Ons is YHVH se volk – die bruid van Yeshua – en daarom sal YHVH met jaloersheid optree wanneer Sy volk geestelik hoereer!

Aan die kruis het Yeshua die skuldbrief van die ontroue bruid uitgewis (Kol. 2:14). Deur wedergeboorte word ons nou die bruid en word ons aan Yeshua, die Bruidegom, verbind. Moedswillige oortreding van YHVH se onderrig en instruksies soos dit in Yeshua volbring is en soos dit in die nuwe verbond uiteengesit word, is daarom geestelike owerspel (hoerery). Ons moet dus nie dieselfde fout as Israel van ouds begaan nie, en ook nie vergeet nie dat YHVH ons God is ‘n verterende vuur, ‘n jaloerse God is (Deut. 4:24) wat met geregverdigde verontwaardiging sal optree.

Pingas se jaloesie is die sinnebeeld van YHVH se jaloesie, naamlik dat geen geestelike hoerery geduld sal word nie! Daarom moet ons ook die gesindheid van Pingas openbaar deur met aktiewe entoesiasme en geregverdigde verontwaardiging op te tree waar geestelike hoerery plaasvind. Eerstens moet ons onself ondersoek en enige geestelike hoerery uitroei en dan met YHVH se jaloersheid optree waar ons geestelike hoery teëkom.

Pingas was bereid om sy eie lewe op die spel te plaas ter verdediging van YHVH se geregtigheid. MAAR, let wel: Hy het dit nie in sy eie belang gedoen nie!! Nee, hy het opgetree met die jaloesie (ywer) van YHVH!

Die vraag is altyd tot watter mate, en op welke wyse, moet ons aktief betrokke wees in situasies waar YHVH se Torah oortree en geminag word? Miskien is die antwoord te vinde in die volgende wysheid:

Only those who will risk going too far can possibly find out how far one can go – T. S. Eliot

Is dit nie die gesindheid waarmee Pingas opgetree het nie? Het hy nie 'n groot risiko geneem deur die 'wet in eie hande te neem nie'? Hy het nie Moses of die leierskap gevra nie, maar die uittartende Torah-loosheid van Simri, die seun van Salu, 'n owerste van die familie van die Simeoniete, het Pingas as te ware tot hierdie geweldadige optrede gedwing. Pingas het deur een enkele optrede die plaag onder Israel gestop (Num. 25:7 en 8)!!

⁷Toe Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, die priester, dit sien, het hy uit die vergadering uit opgestaan en 'n spies in sy hand gevat, ⁸agter die man van Yisra'el aan in die tent ingegaan en hulle altwee deurboor, die man van Yisra'el en die vrou, deur die liggaam. So is die plaag onder die seuns van Yisra'el gestop.

In die lig van bogenoemde is dit te verstane hoekom die Rabbynse wysgere van ouds sê: *Pingas het die siel (wil, denke en emosie) van Elia en Pingas is Elia.* Dit beteken dat Pingas het net, soos Elia, ook met die jaloesie van YHVH onder Israel jaloers gewees! Dan lees ons aangaande Elia in Maleagi 3:23 en 24 (Mal. 4:5 en 6 in sommige vertalings)

Let op, Ek gaan vir julle die profeet Eliyahu stuur voor die koms van die groot en verskriklike dag van יהיה . Hy sal die verstand, wil en emosie van die vaders herstel tot die kinders en die verstand, wil en emosie van die kinders tot hulle vaders sodat Ek nie sal kom en die land met 'n vloek tref nie.

So het Johannes die Doper ook gekom in die gees van Elia en dus ook met die jaloesie (ywer) van YHVH onder sy volksgenote jaloers gewees (geywer).

¹²Vanaf die dae van Yoganan die Doper af tot nou toe word die Koninkryk van die hemel kragtig gelei en die wat sterk is gryp dit aan, ¹³want al die profete en die wet het tot by Yoganan geprofeteer ¹⁴en as julle bereid is om dit te aanvaar: hy is Eliyahu wat sou kom. ¹⁵Wie ook al 'n oor het wat wil hoor, laat hom hoor. Matt. 11:12 tot 15

'n Pasiewe lewe waar ons altyd net reaktief optree, naamlik verdedigend en waar ons voortdurende skadeherstel moet toepas, is 'n lewe van slawerny! Ons moet ingesteld wees op pro-aktiewe optrede, naamlik voorkomend en as 'n koninklike priesterdom wat sonder huiwering bereid is om die sonde-plaag (Torahloosheid) te stop.

Pingas is ons voorbeeld en aansporing om met die jaloesie van YHVH jaloers te wees tussen ons geliefdes en in ons gemeenskap!

Pingas is ook 'n sinnebeeld van Yeshua Messias. Pingas het te midde van die uiterste vorm van Torah-ongehoorsaamheid verskyn op 'n tydstip toe 'n plaag (YHVH se oordeel) onder die Israeliete gewoed het, om 'n onmiddellike einde daaraan te maak. Hy het as te ware uit die niet verskyn! Net so sal Yeshua Messias met Sy wederkoms ook skielik verskyn om die ondraaglikheid van die wêreld se verwerping van Yeshua en van die oortredinge van die van die nuwe verbond te beëindig. Dit sal ook geskied op 'n tydstip waar YHVH se oordeel oor die wêreld reeds losgebars het.

Ons kan nie bekostig om in hierdie tye waarin ons leef 'n passiewe koninklike priesterdom van die Melgisédekorde te wees nie. 'n Passiewe koninklike priester is 'n vermorsing van tyd en van geleentheid!

Moslems is bereid om vir die leuen te sterf, terwyl die meerderheid gelowiges in Yeshua nie bereid is om vir die waarheid te lewe en om soos 'n Pingas met die jaloesie van YHVH jaloers te wees nie wanneer met sonde gekonfronteer word!

Losing my life does not scare me! However, wasting my life does scare me! (Anonymous). Om nie die gesindheid van 'n Pingas te hê nie, is 'n vermorsing van lewenjare en van die genade van YHVH soos in Yeshua openbaar is.

Nuttelose Jaloesie (Ywer)

Paulus dien ook as waarskuwing van nuttelose (misplaaste) jaloesie (ywer) van YHVH! Voor Sy bekering op die pad na Damaskus (Hand. 9:1 tot 19) het hy die volgelinge van Yeshua van die Weg vervolgd en geglo dat hy met die jaloesie van YHVH onder die volk optree!

Nuttelose jaloesie van YHVH (nuttelose gegregverdigde verontwaardiging) ontstaan wanneer opgetree word uit eie geregtigheid. Paulus het geglo dat sy ywewrige vervolging van die gelowiges van die Weg in die oë van YHVH gegregverdig is! Hy het dus sy eie geregtigheid opgerig en daarvolgens opgetree. Paulus het op daardie stadium nie die geregtigheid van God geken nie!

Maar tydens sy reis na Damaskus is Paulus se geestes oë op 'n bonatuurlike wyse geopen sodat hy kon 'sien' dat Yeshua die geregtigheid van YHVH is (2 Kor. 5:21).

In sy brief aan die Romeine skryf Paulus juis oor die gevaar van eie geregtigheid!

³⁰Wat sal ons daarom sê? Die ander nasies, wat die onpartydige opregtheid nie nagejaag het om dit te verkry nie, het die onpartydige opregtheid ontvang, dié onpartydige opregtheid wat vanuit vertroue is, ³¹maar Yisra'el, wat agter die geskrewe wet van onpartydige opregtheid aangehardloop het, het nie die wet van onpartydige opregtheid verkry nie. ³²Om watter rede? Omdat dit nie vanuit vertroue was nie, maar vanuit die daade van die geskrewe wet dat hulle gestruikel het oor die Steen van struikeling. ³³Net soos geskryf is: "Let op, Ek het 'n Steen van struikeling en 'n Steen van oortreding in Tziyon gelê en wie ook al in Hom vertrou, sal nie beskaam word nie." Rom. 9:30 tot 33.

Israel wat die wet van geregtigheid nagejaag het, het nie die wet van geregtigheid bereik nie, omdat dit nie uit vertroue in Yeshua as die Messias was nie. Daarom skryf Paulus verder en sê aangaande sy volksgenote, die Jode, die volgende:

¹My broers, die begeerte van my verstand, wil en emosie en my intrede voor God vir hulle, is vir hulle onthalwe dat hulle gered mag word, ²want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God in hulle het, maar nie in kennis nie ³omdat hulle die onpartydige opregtheid van God nie ken nie, maar hulle eie onpartydige opregtheid probeer oprig; daarom het hulle die onpartydige opregtheid van God nie gehoorsaam nie, ⁴want die einddoel van die geskrewe wet is Die Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou, ⁵want Moshe skryf dat die man wat die onpartydige opregtheid praktiseer wat uit die wet is, volgens daardie onpartydige opregtheid sal lewe." Rom. 10:1 tot 5

Paulus sê dus dat talle van die Jode, asook baie skrifgeleerdes en Fariseërs 'n misplaaste jaloesie (ywer) van YHVH het, maar dat dit nutteloos is, want hulle ken nie YHVH se geregtigheid wat deur vertroue in Yeshua is nie.

Soos Paulus moet ons ook 'n verlange in ons hart hê dat ons broers van die huis van Juda ook YHVH se geregtigheid sal ken. Daarom moet ons volgens Yeshua se opdrag (Matt. 28:19) ook gaan om studentevolgelinge van die huis van Juda (die Jode) te maak!

Rabbynse Judaïsme het groot ywer vir YHVH, maar hulle het hulle eie geregtigheid opgerig en ken nie YHVH se geregtigheid deur vertrou in Yeshua nie! En daarom, sal hulle nie die Koninkryk van YHVH beërwe nie!

Talle in die Messiaanse Beweging glo dit egter nie, want hulle glo nie die Skrifte van die nuwe verbond nie en staar hulle blind teen Judaïsme se kennis van die Torah en is oortuig dat Torah-getroue Jode gered is. Daarom is hulle ook blind vir die feit dat Rabbynse Judaïsme, net soos die Christendom, skuldig is aan sinkretisme – die vermenging van die waarheid met afgodery.

'n Voorbeeld is die erkenning wat Rabbynse Judaïsme aan die Babiloniese afgod Tammuz gee deur die vierde maand van Judaïsme se kalender, wat saamval met die maand Junie / Julie, hierdie naam te gee. Dit ten spyte daarvan dat daar duidelik in die Torah van Moses gewaarsku word om nie eers die name van afgode te noem en om die naam van alle afgode te vernietig.

In alles wat Ek vir julle gesê het, wees versigtig en noem geen ander god by die naam (karakter en outoriteit) nie en laat dit uit jou mond nie gehoor word nie. Ex. 23:13.

Julle moet hulle altare afbreek, hulle klippilare verbreek, hulle afgesonderde boomstamme met vuur verbrand, die gesnede beelde van hulle gode omkap en hulle naam (karakter en outoriteit) uit dáárdie plek uit vernietig. Deut. 12:3.

Daarom het Josua ook aan Israel in Kanaän die volgende gesê:

6Wees onveranderlik daarin om alles te hou en te doen wat geskryf is in die boek van die wet van Moshe sodat julle daar nie regs of links van afdraai nie 7sodat julle nie met hierdie nasies wat tussen julle oorgebly het, assosieer of die naam van hulle gode noem nie, of enige een by hulle laat sweer of hulle dien of voor hulle neerbuig nie. Jos. 23:6 en 7.

Rabbynse Judaïsme erken dat die name van die maande dieselfde is as die van die destydse kalender van Babilon.

The names of the months of the Jewish calendar were adopted during the time of Ezra, after the return from the Babylonian exile. The names are actually Babylonian month names, brought back to Israel by the returning exiles. (Judaism 101 – <http://www.jewfaq.org/>)

In Wikipedia lees ons ondermeer die volgende: *In Babylonia, the month Tammuz was established in honor of the god Tammuz, who originated as a Sumerian shepherd-god, Dumuzid or Dumuzu, the consort of Inanna and, in his Akkadian form, the parallel consort of Ishtar.*

Die gruwel en wellustige wyse wat die fees ter ere van Tammuz in Babilon gedenk was, was die rede dat die profeet Esegïel in 'n visioen hierdie verwerplikeheid aanskou het:

Toe het Hy my gebring na die noordelike ingang van die poort van die huis van יהיה en let op, vroue het daar gesit en huil vir Tammuz. Eseg. 8:14.

In 'n artikel "Don't Call It Tammuz!" (<http://www.nehemiaswall.com/dont-call-tammuz>) skryf Nehemia Gordon ('n Karaïet Jood) die volgende:

Today echoes of the worship of Tammuz survive in Jewish tradition. The name Tammuz itself only appears in the Bible in reference to this pagan deity. However, Jewish tradition adopted the name "Tammuz" for the Fourth Hebrew Month. Over the centuries the pagan origins of the "Month of Tammuz" were forgotten, only to be rediscovered in modern times. Jewish tradition considers Tammuz to be a month of mourning and rabbinical Jews even observe a fast on the 17th day of the month. They also refrain from listening to music and other joyous acts from the 17th to the end of the month. The origins of these mourning practices have become obscured over time and today tradition associates them with the destruction of the Temple. Little do they know that mourning during the Month of Tammuz began long before the destruction of the Temple with a mourning over the death of Tammuz.

Rabbynse wysgere van ouds voer aan dat die rede hoekom die naam Tammuz behoue gebly het, juis is om Israel te herinner aan die gevolge van afgodery!?

So is daar verskeie ander afgode praktyke in Rabbynse Judaïsme. Meer hieroor kan ondermeer in die volgende studie gelees word: [Rabbynse Judaïsme Reeks](#)

Ons moet beseft dat afgodery ook Rabbynse Judaïsme besoedel het, maar dit word verswyg en leiers in die Messiaanse Beweging sal selde, indien ooit, daarteen waarsku. Ons behoort egter ook met die gesindheid van 'n Pingas teenoor hierdie geestelike hoerery van Rabbynse Judaïsme op te tree!

Bepeins of Bespreek

1. Is dit geregverdig om die naam Tammuz vir die vierde maand van die Rabbynse kalender te behou om juis as herinnering te dien van die gevare en gevolge van afgodery? Sal jy of ek byvoorbeeld 'n Boeddah beeld in ons huis plaas om ons te herinner om niks met afgodery te doen te hê nie?

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuweliëd.info

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.